Psalm 16 : Niks goeds nie behalwe God

'n Gedig van Dawid
Refrein = Teks: Antjie Krog 2001. Melodie: ABERYSTWYTH – Joseph Parry 1879.

Refrein



Voorg: Neem my in beskerming, o God, ek soek skuiling by U.
Almal: Ek het vir die Here gesê:
"Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe U.
Die afgode van die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te doen hê nie.
Vroue: Mag elkeen wat 'n ander God vereer, baie smart beleef.
Mans: Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie,
Vroue: hulle name sal ek nie op my lippe neem nie."
Refrein: Altyd, voor my, sien ek U.
Almal: Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
Refrein: Altyd, voor my, sien ek U.
Mans: Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het;
selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
Vroue: Ek het die Here altyd by my:
Omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.
Refrein: Altyd, voor my, sien ek U.
Vroue: Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig.
U gee my nie oor aan die dood nie.
Mans: U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.
U leer my hoe om te lewe.
Almal: By U is daar oorvloedige blydskap.
Uit u hand kom net wat mooi is.
Refrein: Altyd, voor my, sien ek U.